Ontmoet vir..

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Isak

## Genesis 21

*"My geboorte was 'n teken van God se betroubaarheid, en my lewe 'n getuienis van Sy genade.*

*Ek onthou die dag toe ek en my Pa die berg op is om 'n offer aan God te bring. Toe ek my pa daarop wys dat ons die lam by die tent vergeet het, het hy my bloot geantwoord dat God sal voorsien. Toe ek my kom kry was ek op die altaar - vasgebind en weerloos!*

*Daardie dag het God net betyds opgedaag en die alternatief op die tafel gesit.*

*Vandag glo ek in die God van my pa - want my pa het my gewys dat geloof geleef moet word, offers en al. "*

*-Bybel 24/7*

*Bid saam as gesin.*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Deel wat hierdie verhaal al vir jou beteken het met hulle.*

*Wat kan jy vandag in hierdie verhaal leer oor God se karakter? Deel met mekaar.*

***Isak:***

*Vrou: Rebekka*
*Kinders: 2*
*Name: Jakob, Esau*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# Ontmoet vir...

## Isak

Hoeveel broers het Isak gehad?

Waarom het die Here Abraham beveel om Isak dood te maak? (Genesis 22:12)

Wat het Abraham verhinder om Isak dood te maak?
(Genesis 22: 11-12)

Abraham het beveel dat Isak nie moet trou met 'n: (Genesis 24: 3)

Hoe sou die dienaar van Abraham weet watter vrou Isak se vrou sou wees?
(Genesis 24:14)

Wat was die naam van Isak se vrou? (Genesis 24:67)